Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

**NOTULE VAN 'N SPESIALE VERGADERING VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD GEHOU IN DIE RAADSAAL, MALMESBURY OP DONDERDAG, 15 AUGUSTUS 2024 OM 12:00**

**TEENWOORDIG:**

Speaker, rdh M A Rangasamy
Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas
Uitvoerende Onderburgemeester, rdl J M de Beer

**RAADSLEDE:**

Bess, D G (DA)
Booysen, A M (VF+)
Gaika, M F (EFF)
Jooste, R J (DA)
Nel, M (DA)
Ngozi, M (ANC)
O'Kennedy, E C (DA)
Papier, J R (GOOD)
Penxa, B J (ANC)
Pieters, C (ANC)
Pypers, D C (DA)
Smit, N (DA)
Soldaka, P E (ANC)
Van Essen, T (DA)
Vermeulen, G (VF+)
Warnick, A K (DA)
White, G E (PA)
Williams, A M (DA)

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr T Möller
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

## 1. OPENING

Die Speaker verwelkom die Uitvoerende Burgemeester, raadsdames, raadshere, raadslede en amptenare.

Die Munisipale Bestuurder open die vergadering met skriflesing en gebed op uitnodiging van die Speaker.

Die Speaker bedank alle raadslede en amptenare wat betrokke is by die opruiming van die rampgebied in Riverlands en die ondersteuning wat aan slagoffers gebied word.

## 2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdle C Fortuin en I S le Minnie.

## 3. AFVAARDIGINGS/VERKLARINGS EN MEDEDELINGS/VOORLEGGINGS

### 3.1 HERDENKING VAN VROUEDAG EN -MAAND

Die Uitvoerende Burgemeester wens al die vroue in die Munisipaliteit geluk met die herdenking van Vrouedag en -maand in Augustus. Hy bedank elke vrou vir haar bydrae in die werkplek en in die huishouding en bid die Heer se seën toe op elkeen.

## 4. SAKE VIR BESPREKING

### 4.1 ONREëLMATIGE UITGAWES INSAKE BETALINGS GEMAAK AAN TOERISME-ORGANISASIES (OG-SA COMAF 18/2023) EN 'N ANDER SAAK GEïDENTIFISEER DEUR BESTUUR DEUR MIDDEL VAN INTERNE KONTROLES (5/15/1/5)

Die verslag vanaf die Dissiplinêre Raad bevat besonderhede insake onreëlmatige uitgawes waarmee daar, ingevolge die vereistes van Artikel 32 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 (MFMA), gehandel is.

Die twee aangeleenthede behels kortliks:

(1) 'n Ouditbevinding deur die Ouditeur-Generaal aan 'n ander munisipaliteit gedurende 2022/2023 het bevind dat betalings aan toerisme-organisasies as onreëlmatig beskou word. Die aangeleentheid is verder met Nasionale Tesourie bespreek en is daar voorgestel, weens die risiko van 'n ernstige ouditbevinding, dat betalings aan toerisme-organisasies terugwerkend vanaf die implementering van die MFMA, naamlik 1 Julie 2004, bereken word as onreëlmatige uitgawes.

(2) Die organisasie, Fraudcheck, word gebruik om die kwalifikasies van nuwe kandidate te verifieer. Daar is in Oktober 2023 'n bestelling uitgemaak aan Fraudcheck teen 'n bepaalde bedrag. Latere opdragte aan Fraudcheck teen dieselfde bestelling het veroorsaak dat die bedrag van die bestelling oorskry is. Die fakture vanaf Fraudcheck vir latere opdragte kon dus nie teen dieselfde bestelling vereffen word nie, en word beskou as onreëlmatige uitgawes.

Die verslag bevat verder die aanbevelings vir die afskrywing van die onreëlmatige uitgawes, aangesien daar nie enige verliese deur die Raad gelei was nie.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl E C O'Kennedy)

(a) Dat kennis geneem word van die ondersoek deur die Dissiplinêre Raad ten opsigte van die onreëlmatige uitgawes;

(b) Dat die finale gevolgtrekking en aanbevelings deur die Dissiplinêre Raad, soos in die verslag aangedui, as volg bevestig word:

  (i) Dat die onreëlmatige uitgawes van **R13 336 728.00** met betrekking tot aangeleentheid 1, gesertifiseer word as oninvorderbaar en afgeskryf word aangesien die Munisipaliteit waarde vir geld ontvang het en geen verlies gely het nie;

  (ii) Dat die Hoof Finansiële Beampte gemagtig word om die twee fakture gedateer 31 Mei 2024 ten bedrae van R12 802.95 en 30 Junie 2024 ten bedrae van R1 762.95 te betaal aangesien die Munisipaliteit reeds die dienste ontvang het en die Munisipaliteit aanspreeklik is vir daardie dienste gelewer, verskuldig aan die *Turquand*-reël;

  (iii) Dat die onreëlmatige uitgawes van **R14 565.90** (as gevolg van die betaling hierbo) afgeskryf word as oninvorderbaar aangesien die Munisipaliteit waarde vir geld ontvang het en geen verlies gely het nie;

  (iv) Dat die personeellede betrokke by die voorsieningskettingbestuursprosesse in goeie trou opgetree het en die nie-nakoming nie as gevolg van opsetlike of growwe nalatigheid of as gevolg van bedrog of ander oneerlikheid deur die betrokke personeellede was nie;

(c) Dat die LUR vir Plaaslike Regering sowel as die Ouditeur-Generaal in kennis gestel word van die uitslag van die ondersoek.

4.2/...

**4.2 GOEDKEURING DEUR DIE RAAD: KONTRAK MET TOEKOMSTIGE BEGROTING-IMPLIKASIES: AANSTELLING VAN 'N VOORAFBETAAL ELEKTRISITEIT VENDOR BUITE DIE TERMYN VAN DIE 2024/25 TOT 2026/27 MTREF BEGROTING, DIT IS VIR VYF JAAR INGEVOLGE ARTIKEL 33 VAN DIE MFMA (8/2/2/3)**

Die Uitvoerende Burgemeester het tydens sy Begrotingsrede versoek dat die Munisipaliteit 'n stelsel sal implementeer om huishoudings in staat te stel om voorafbetaalde elektrisiteit aanlyn te kan aankoop.

Daar is dus op tender uitgegaan vir die aanstel van 'n toepaslike ervare diensverskaffer met gevestigde voorafbetaalde aanlynverkoopstelsels om die bestaande munisipale stelsel om te skakel om die aanlyn aankoop van voorafbetaalde elektrisiteit deur verskeie aanlyn platforms moontlik te maak. Die tender het die opsie bevat om die diensverskaffer vir 'n periode van vyf jaar aan te stel.

Artikel 33 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 (MFMA) bepaal dat wanneer 'n kontrak gesluit word wat finansiële verpligtinge op die munisipaliteit sal lê buite die meerjarige begroting, moet die voorneme geadverteer word en moet die Raad sekere oorwegings in ag neem.

Daar is geen insette/kommentaar vanaf die publiek en enige staatinstelling ontvang tydens die publieke deelname proses nie.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl J R Papier, gesekondeer deur rdl B J Penxa)

(a) Dat goedkeuring verleen dat 'n vyf jaar ooreenkoms gesluit word met Syntell (Edms) Bpk vir die verskaffing, aflewering, installasie, opleiding, ingebruikneming en administrasie van 'n optimale voorafbetaal-elektrisiteitverkoopstelsel vir veelvuldige jare en vir die vaste en alles-insluitende fooi van 1.5% van inkomste vir voorafbetaalde elektrisiteit/energieverkope (kWh) verkoop via die aanlyn-verkoopstelsel;

(b) Dat die Raad kennis neem dat die uitgawes ten opsigte van jare 4 en 5 vir die individuele jare of as 'n totaal nie wesenlik is in verhouding tot die totale uitgawebegroting nie, en – meer belangrik – nie tariefverhogings sal beïnvloed buite wat reeds bekend gemaak was vir die 2024/2025 tot 2026/2027 meerjarige begrotingstermyn (MTREF) nie en dat gevolglik goedkeuring verleen word;

(c) Dat die Raad verder kennis neem dat die Munisipale Bestuurder voldoen het aan die vereistes ingevolge Artikel 33 van die MFMA, en dat daar geen kommentaar vanaf die publiek of enige staatinstelling ontvang is nie;

(d) Dat die Raad ook kennis neem dat al die vereistes van die voorsiening-kanaalprosedures nagekom is;

(e) Dat die Munisipale Bestuurder gemagtig word om die kontrak, voortspruit uit die toekenning van die tender aan Syntell (Pty) Ltd, te mag onderteken.

**4.3 VERKLARING VAN 'N PLAASLIKE RAMP: VLOEDSKADE IN GREATER CHATSWORTH (RIVERLANDS) BINNE DIE SWARTLAND MUNISIPALE GRENSE (17/5/1/1)**

Die Munisipale Bestuurder doen 'n voorlegging insake die damwalle van drie damme wat in die vroeë oggendure op Donderdag, 8 Augustus 2024 gebreek het en tot ernstige vloedskade in Riverlands gelei het.

Die damme is geleë binne die grense van Stad Kaapstad, die grond behoort aan die Departement van Publieke Werke en word bestuur deur die Departement van Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming.

'n Bespreking volg na aanleiding van die inligting wat deur die Munisipale Bestuurder voorsien is, en word die volgende, onder andere, beklemtoon:

4.3/...

(1) Dit is kommerwekkend dat damme nie ingevolge die wetlike vereistes van die Departement van Waterwese elke vyf jaar geïnspekteer is nie. Die owerhede verantwoordelik vir hierdie oorsig moet verantwoordelik gehou word, want hul nalatigheid het die lewens van mense drasties geaffekteer;
(2) Die gebrek aan betrokkenheid deur Stad Kaapstad is kommerwekkend, aangesien die damme binne lg. se regsgebied geleë is;
(3) Daar moet aangedring word op die betrokkenheid van die verantwoordelike departemente om die ramp slagoffers te ondersteun;
(4) Alle raadslede moet so spoedig moontlik ingelig word as daar 'n ramp plaasvind om as 'n kollektief hulp te verleen;
(5) Ondersoek na besprekings tydens die wykskomiteevergaderings aangaande die toestand van die damme;
(6) Die grootste uitdaging gaan wees om die slagoffers in dieselfde posisie te plaas as wat hulle voor die ramp was;
(7) Uitslag van ondersoek na die oorsake van die ramp word afgewag.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdh J H Cleophas, gesekondeer deur rdl D C Pypers)

(a) Dat kennis geneem word van die verwoestende oorstroming van dele van Greater Chatsworth (Riverlands) op 8 Augustus 2024;

(b) Dat 'n plaaslike ramptoestand binne die Greater Chatsworth (Riverlands)-gebied ingevolge artikel 55 van die Rampbestuurswet, 2002 verklaar word as gevolg van die verwoestende oorstromings veroorsaak deur die dambarste op Plaas Dassenberg;

(c) Dat die Weskus Distriksmunisipaliteit versoek word om die plaaslike staat van rampverklaring te ondersteun;

(d) Dat die goedgekeurde verklaring (soos per **BYLAE B**) hierby aan die Provinsiale Regering gestuur word vir publikasie in die volgende Provinsiale Koerant.

**GETEKEN:**
**SPEAKER**